

**8 NOVEMBER**

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 119:97-112 (OAV)  
NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS, ART. 2-7  
FOKUSGEDEELTE: PSALM 119:105**

### **Die Hére se Woord is die lig op my pad**

Is jou lewenspad ook maar soms (dalk meestal) donker? Ek bedoel: Is die dag van mōre vir jou ook onbekend, vol onheile en gevare of, volgens die doopsformulier, “n gestadigde dood”? Daar is vyande soos Satan, die aardse verleidelikhede en jou eie sondige natuur wat jou weg van God af wil stuur! Wat van jou gedrag teenoor vriende en teenoor God?

Die psalmdigter se antwoord is (vs. 105): “U woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad”. Dit is die Hére se Woord – nié dié van mense (sogenaamde leermeesters en ou mense, soos in vs. 99-100) nie – wat die duisternisse van sy lewenspad verjaag. Die Hére het sy profete en apostels deur sy Heilige Gees gedrywe om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel (NGB, art. 3 & 7).

Die Woord van die Here word in hierdie verse genoem “wet”, “geboolie”, “getuienis”, “bevele”, “regverdige verordeninge”, “beloftes” en “insettinge”. Dit bied dus antwoorde uit verskillende gesigspunte op my levensvrae.

Dit is kanoniek (NGB, art. 4), met ander woorde dit is die maatstaf of liniaal waarvolgens ek alles kan meet en waarmee ek kort of lang lyne kan trek.

Dit is heilig, met ander woorde anders, uitsonderlik en verhewe bo menslike boeke (NGB, art. 5 & 7). Dit is woorde van Gód, omdat Gód se Heilige Gees só daarvan in my hart getuig.

Dit is volkome vir dit wat ek tot my saligheid moet glo. Niks mag daar bygevoeg word nie. Dit maak my wyser as my vyande, verstandiger as my leermeesters. Dit lei my dat ek nie op verkeerde paaie gaan nie. Dit maak my lewend. Dit leer my om te loof en te dank. Dit gee my ewige vreugde. Die Here se Woord is soeter as heuning in die mond.

Dáárom is die Hére se Woord die lig op my pad!

*Sing: Psalm 119:37, 39 (1936-beryming)*

*Ds Arrie Stavast (Hennenman/Ventersburg/Sene*